# Les 27  JOSEF EN SY FAMILIE IS GOD SE BEELD

## 1. God se beeld en mense se beeldjies van God

Kom ons lees twee gedeeltes wat gaan oor beeldjies. Die eerste een wys dat ons God se beeldjies is, en die tweede een wys mense dink God is húlle beeldjie.

Die eerste gedeelte:

*"[26] Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." [27] God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. [28] Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip."(Gen. 1)*

Die tweede gedeelte:

*"[19]Laban was weg om sy skape te gaan skeer. Toe steel Ragel haar pa se afgodsbeeldjies.*
*[20]Jakob het ook vir Laban die Arameër bedrieg deur hom nie te vertel van sy vlug nie.*
*[21]Jakob het gevlug met alles by hom. Hy het deur die Eufraatrivier getrek en koers gekies Gileadberg toe. [22]Drie dae later is aan Laban vertel dat Jakob gevlug het. [23]Laban het die mans in sy familie saamgevat en vir Jakob agternagesit. Na sewe dae het Laban hom ingehaal by Gileadberg. ...[25]Toe Laban by Jakob kom, was sy kamp opgeslaan by Gileadberg, en Laban-hulle het ook daar kamp opgeslaan. [26]Hy het vir Jakob gesê: "Wat het jy gedoen? ... [30]Maar nou, as jy weggetrek het net omdat jy so baie verlang na jou familie, waarom het jy dan my gode gesteel?"* (Gen. 31)

Jakob en sy vrou Ragel wou nie meer by haar pa bly nie. Hulle wou op hulle eie gaan bly. Toe besluit hulle om stilletjies weg te trek. Ragel het haar pa se afgodsbeeldjies gesteel en saamgevat.

In die eerste deel gaan dit oor God wat mense Sy beeld maak. In die verhaal van Jakob en Ragel gaan dit oor mense wat afgodsbeeldjies maak.

## 2. Ragel wil God saamvat waar sy heen gaan

Ragel se pa het afgodsbeeldjies in sy huis gehad. Dit was beeldjies wat mense gemaak het, wat soos mense, diere en slange en paddas gelyk het. Mense het hierdie beeldjies van hout, yster, koper en goud gemaak en in hulle huise gesit. Net soos ons vandag mooi beeldjies in ons huise sit.

Maar hulle het geglo hierdie beeldjies is gode. Kyk hoe ʼn dom storie is dit! Hulle maak beeldjies en dan maak hulle asof hulle beeldjies God is.

Wie het vir hierdie beeldjies gesorg? Gesorg dat hierdie beeldjies mooi skoon is; dat hierdie beeldjies nie omval nie; dat hierdie beeldjies nie gebreek word nie? Dit is die mense wat vir hierdie beeldjies gesorg het. Dit is hoe hulle graag met God ook wou maak. Hulle wou hulle gode versorg.

Hulle het gedink dat as hulle hierdie beeldjies versorg, dan gaan hierdie beeldjies hulle weer help as hulle hulp nodig het.

Daarom wil Ragel nie sonder hierdie beeldjies wegtrek van haar pa se huis nie. Sy wil graag aanhou om vir hierdie beeldjies te sorg, sodat hierdie beeldjies vir haar en Jakob kan sorg as hulle in die moeilikheid kom.

Sy het gedink dat sy haar god moet saamvat, want as sy haar god by die huis los, dan is sy alleen en dan kan haar god nie vir haar sorg nie.

**3. Josef het nie beeldjies met hom saamgevat nie**

Josef het nie beeldjies van God gemaak of gemaak asof beeldjies God is nie. Toe hy na sy broers in die veld gegaan het, het hy ook nie beeldjies van gode saam met hom gevat nie. Toe hulle hom verkoop het en hy al agter daardie kamele vasgebind geloop het, het hy ook nie beeldjies by hom gehad nie. Hy het nie beeldjies van God by hom gehad toe hy by daardie simpel vrou in die huis was, of toe hy in die tronk was nie.

Josef het nie geglo hy moet God saamvat waar hy gaan, sodat God vir hom kan help nie.

**4. Josef is God se beeld**

Kyk weer na Genesis 1: *"God het die mens geskep as sy verteenwoordiger…"* Is dit God wat mense maak, of is dit mense wat God maak? Dit is God wat mense maak. Daarom noem ons God ons Skepper. Maar mense wat glo God is ʼn afgod, dink hulle kan vir God maak soos hulle hom wil hê.

God is Josef se Skepper. God is Josef se Here. Daarom is dit God wat vir Josef vat waar Hy hom wil hê. God wil vir Josef in Egipte hê sodat hy die minister van landbou kan word, om vir baie wat honger gaan wees, kos te kan gee. Daarom is dit nie Josef wat God saamvat Egipte toe nie.

Dit is God wat Josef saam met Hom Egipte toe vat. Daarom sorg God vir Josef al die pad wat Hy hom Egipte toe vat, terwyl almal probeer om Josef seer te maak.

Dit is hoekom die Bybel ons as mense, God se beeld noem. Hy maak ons en vat ons waar Hy ons wil hê. Hy versorg ons en gebruik ons waarvoor Hy ons wil gebruik.

**5. Ragel gebruik God vir haar plan, maar God gebruik Josef vir Sy plan**

Wat is die verskil tussen Ragel se lewe en Josef se lewe? Ragel is moeg om saam met haar man Jakob by haar pa te bly. Sy en Jakob maak skelm planne en loop stilletjies weg sonder om haar pa te groet. Vir hierdie skelm plannetjie van haar om stilletjies weg te loop, vat sy beeldjies van gode saam met haar om haar met haar skelm plan te help.

Dit is hoe mense met afgode maak. Hulle maak skelm hulle eie plannetjies. Hulle beplan en weet presies hoe hulle plannetjies gaan loop, en dan vat hulle beeldjies van God saam sodat God hulle moet help om hulle skelm plannetjies vir hulle waar te maak.

Hoe verskil dit van Josef se lewe?

Josef het nie skelm plannetjies gemaak om weg te loop Egipte toe nie. Hy het net gedoen wat sy pa hom beveel het om te doen – om vir sy broers te gaan kuier in die veld. Wat met Josef gebeur het, was nie sy skelm plannetjie nie, dit was God se plan met Josef se lewe.

God gebruik ons altyd vir Sy plan met ons lewe. Maar ons weet nie, en beplan nie saam met God Sy plan vir ons lewe nie. Ons ontdek elke dag hoe God ons gebruik en Sy plan vir ons lewe waarmaak. God vat ons waar Hy ons wil hê en Hy sorg vir ons.

Ons kan dit nooit so omdraai dat ons ons eie plannetjies maak en dan moet God saam met ons gaan sodat Hy ons plannetjies kan waarmaak nie. Mense wat só leef, glo nie in die Here nie. Hulle glo in ’n afgod.

Dit is ’n god wat nie regtig is nie. Dit is sommer hoe mense hulle verbeel, net om God in hulle skelm plannetjies in te pas.

**6. God gebruik ons in Sy plan met ons lewe en versorg ons**

God is ons Here. Hy het met elkeen van ons ’n plan, net soos Hy met Josef ’n plan gehad het. En God sal sorg dat Sy plan vir ons lewe waar word. En terwyl God Sy

plan vir ons lewe waarmaak, sal Hy altyd vir ons sorg, net soos Hy ook vir Josef gesorg het.

Ons weet nooit regtig wat God se plan is nie. Net soos Josef nooit regtig geweet het dat met alles wat verkeerd geloop het, God se plan vir sy lewe steeds sal uitkom nie.

Ons ontdek, net soos Josef, hierdie plan van God soos wat ons lewe vorentoe gaan. Maar ons kan glo dat God ons in Sy plan gebruik. Net soos Hy vir Josef ook gebruik het.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog